NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 12 – Uitgawe 37
14 November 2019

Die NHKA is ’n waardige vennoot

Teken in om ’n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) en die NHKA is al bykans 73 jaar lank vennote. Die NHKA is een van die stigterslede van TOIBO saam met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die opdrag was: *Open skole vir kinders met gestremdhede en verseker dat hierdie kinders die beste opleiding ontvang*. Vandag kan TOIBO met trots sê dat hierdie opdrag van die kerk tot die letter uitgevoer is en steeds word.

TOIBO word as ’n volwaardige diensorgaan van die NHKA geag en daar is goeie samewerking met die Algemene Diakensvergadering. Die goedkeuring van ’n jaarlikse vrywillige deurkollekte sedert 2018 word waardeer.

2019 is weer eens in geloof aangepak. As ’n nie-winsgewende organisasie moet TOIBO genoegsame fondse genereer om haar verpligtinge teenoor die minderbevoorregte kind met ’n gestremdheid na te kom. Die huidige ekonomiese omstandighede in die land maak dit egter baie moeilik. Ten spyte daarvan word alle verpligtinge teenoor die skole nagekom.

Van die 1 856 kinders in die vyf skole, ontvang 664 hulp in die een of ander vorm. TOIBO bestuur ’n hoofprojek genaamd Projek Sonskyn en ’n hele aantal kleiner projekte wat ’n reuseverskil maak. Kinders ontvang hulp met skoolgeld, koshuisfooie, vervoerkoste, klerasie, toiletware, skryfbehoeftes, voedsel en op vele ander gebiede.

Die volgende hoogtepunte dien vermeld te word:

- Van die 90 matrikulante van 2018 het 87 geslaag en 25 onderskeidings is behaal. Twee leerders van Prinshofskool is onderskeidelik as beste en naasbeste akademiese presteerders van LSOB-skole (leerders met spesiale onderwysbehoeftes) in die land aangewys. Hoërskool Martie du Plessis lewer die beste akademiese presteerder in die Vrystaat op.
- Twee oudleerders van Prinshofskool behaal elk ’n LLB-graad. Hulle volg in die voetspore van Theodor Loots, oudleerder van Prinshofskool, wat gedurende 2017 sy PhD-graad in Wiskundige Statistiek behaal het.
- TOIBO nomineer wyle Thapelo Tambani, ’n negejarige seun van Transoranje-skool, wat sy maat uit ’n watergevulde sloot red en sy eie lewe verloor, vir die Nasionale Orde van Mendi vir Dapperheid. Die toekenning in silwer is postuum aan sy ouers toegeken deur die Staatspresident.
- Ds Nelis Janse van Rensburg, Moderator van die NG Kerk, het die kantoor besoek om hom te vergewis van die werksaamhede van TOIBO en haar skole.

Nou, aan die einde van 2019, kan ons terugkyk op ’n baie suksesvolle jaar. Nie net op finansiële gebied nie, maar ook wat betref behoeftegedrewe projekte, administrasie, ’n skoon geouditeerde verslag, skakeling en kommunikasie. ’n Jaar waarin TOIBO *HOOP* kon gee aan ’n groep kwesbare kinders wat andersins uitgelewer sou wees. Ons ís immers draers van HOOP.

Hoe hou ons dit vol? Deur nooit op te hou om te bid nie vir elke onderwyser, elke ouer en elke kind. Deur – saam met die ander vennote, organisasies en die gemeenskap – TOIBO te ondersteun om genoegsame fondse te genereer en hulp te verleen waar nodig. Belangrik: Lees die maandelikse nuusbriewe en bring Sondag 6 September 2020 se vrywillige deurkollekte vir TOIBO aan op u gemeente se kalender.

Mag ons 2020 saam ingaan met ds Nelis Janse van Rensburg se woorde in gedagte: *Die kerk se verantwoordelikheid teenoor hierdie kinders is baie groot. Ons is immers dissipels van die Een wat gesê het: “Vir so ver julle dit aan een van die geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie”.*

Arina Jooste
Uitvoerende Beampte: TOIBO

Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 22 November, en word hartlik geluk gewens:**

o	Donderdag 14 November:	Ds NJS (Nicolaas) Steenekamp (Middelburg)
o	Vrydag 15 November:	Di K (Kristy) Claassen (studerend), JG (Hannes) Janse van Rensburg (Zuurfontein), F du C (Francois) Labuschagne (emeritus) en PJO (Pieter) Pretorius (emeritus)
o	Saterdag 16 November:	Dr WC (Wian) Kloppers (emeritus) en ds CH (Casper) du Plessis (emeritus/Odendaalsrus)
o	Maandag 18 November:	Dr CJ (Chris) Viljoen (Saffierkus/CSO)
o	Woensdag 20 November:	Prof J (Johan) Buitendag (emeritus) en ds CJA (Cornie) Pieterse (emeritus)
o	Vrydag 22 November:	Dr PB (Piet) Boshoff (emeritus), di PR (Rudi) Janse van Rensburg (Ottosdal) en LS (Lammert) van Rooyen (Lichtenburg-Oos)

- ***#hoopviralmal.*** **Voorbidding vir Bybelgenootskappe.** Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) is een van 150 Bybelgenootskappe in meer as 200 lande. Die BSA wil weekliks ook iets van die groter prentjie met die Kerk deel deur voorbidding te vra vir projekte en behoeftes van ander Bybelgenootskappe:
  - **Taiwan:** Chinese Studiebybel en die Handgeskrewe Bybel-projek.
  - **Hong Kong:** Hersiening van die Chinese Bybel, en stabiliteit in die land.

Gemeentes en bediening

- **Regstelling:** Op bladsy 5 van die vorige *Blitspos* is verkeerdelik berig dat Gemeente Noordelike Pretoria tans die oudste Hervormde gemeente in Pretoria is. **Dr Christo Pretorius** van **Gemeente Pretoria** het soos volg daarop gereageer:

  “Gemeente Pretoria wil u tog moederlik of vaderlik daarop wys dat hierdie gemeente in 1855, met die verkiesing van die eerste Kerkraad, gestig is en sedertdien glo, hoop en leef ons die afgelope 164 jaar in die ruimtes wat ons geskenk word. Na die verkoop van die Du Toitstraat-kerkgebou in 2018 het die gemeente- en kerkraadsvergadering besluit om nie ’n nuwe kerkgebou op te rig nie, maar om met verdrag samewerking met gemeentes in die Moot en aangrensend te bevorder. Gemeente Pretoria is dus nie opgehef nie, maar het besluit om mee te werk aan die bestendiging van die Kerk. In dié verband is ’n samewerkingsooreenkoms met Gemeente Wonderboom-Suid gesluit en die hoop is dat Gemeente Pretoria ook met ander medewerkers bande bou en om so nie net die verkondiging van die evangelie te bevorder nie, maar ook die heil en welwese van ons geliefde Hervormde Kerk en haar gang in die wêreld te bewaar.”

- **Vakante werkruimte. Gemeente Witfield** aan die Oos-Rand, gekonsentreer binne die gemeenskap van Witfield, is ’n stadsgemeente van ongeveer 100 belydende lidmate, wat meestal uit bejaarde lidmate bestaan. Die gemeente benodig ’n leraar vir ’n **deelsorgwerkruimte.** Die totale pakket beloop ongeveer R22 000 per maand, en die samestelling van die pakket kan deur onderhandelinge met die kandidaat gestruktureer word binne dié raamwerk. Van die predikant sal verwag word om die normale aktiwiteite van die gemeente, soos prediking, kategese, spesiale eredienste en fondsinsamelings, te organiseer en te fasiliteer volgens wat billik mag wees gemeet aan die vergoeding per maand. **Aansoeke sluit op 15 Januarie 2020.** Kontak ds Edzard van Baalen (konsulent van Witfield) by 083 441 1840 of stuur ’n e-pos na **edzardvb@mweb.co.za**.

- **Dr Gerhard Lindeque en dr Sanrie de Beer** van die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** laat weet soos volg: “Baie dankie aan al die gemeentes wat hul bydraes inbetaal het voor of op 31 Oktober 2019. Landwyd het gemeentes en donateurs van die Kerk saam R2 237 253 bygedra. Dit beteken dat 40 677 Bybels in die tale van Suid-Afrika daardeur gesubsidieer word. Die Kerk se bydraes toon ’n landwye styging van 5,3% wat in die huidige ekonomiese

omgewing groot rede tot dankbaarheid is en ’n weerspieëling is van lidmate en kerkrade se erns met die verspreiding van God se Woord. Hiermee dan ’n opregte woord van dank en waardering. Dit bly ’n groot voorreg om die Kerk by die BSA te verteenwoordig.”

- **Drr André Ungerer en Wouter van Wyk** het sopas die **Evangelies Kongregasionalistiese Kerk in Angola (EKKA)** besoek (IECA: Igreja Evangelica Congregacional em Angola / ECCA: Evangelical Congregational Church in Angola). Die besoek was op uitnodiging van ds André Cangovi Eurico, sekretaris-generaal van EKKA, aan dr Ungerer tydens ’n byeenkoms van die Afrika Gemeenskap van Gereformeerde Kerke (AGGK) in Februarie 2019 in Benoni. EKKA is een van die grootste gereformeerde kerke in Angola met ongeveer een en ’n half miljoen lidmate in 17 van Angola se 18 provinsies. Die kerk is reeds in 1880 deur Amerikaanse sendelinge in Angola gevestig, en het vandag ongeveer 2 500 gemeentes.

  Op **Sondag 10 November** het drr Ungerer en Van Wyk elk op uitnodiging in een van die gemeentes in Angola gepreek. Tydens die eredienste en ander kerklike byeenkomste was dit opvallend dat die liturgie baie dieselfde is as ons eie, en dat EKKA se kerkmusiek ’n Westerse styl het wat baie aan ons eie kerkliedere herinner. Trouens, hulle het onder meer bekende liedere soos Gesang 354 (*O Christus, ons verlange*), Gesang 510 (*Genade, onbeskryflik groot*), Gesang 512 (*Nader, my God, by U*) en die kinderlied wat ons ken as *Lees jou Bybel, bid elke dag* gesing.

  (Lees die **volledige artikel** by **www.nhka.org**.)

- **Preekgeleenthede in Sabie en Witrivier:** Sondag 22 Desember: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00

  Die afstand tussen Sabie en Witrivier is ongeveer 47,5 km. Predikante, dosente en teologiestudente wat in Sabie, Graskop, Hazyview of Witrivier vakansie hou, kan die gemeente kontak sodat verdere reëlings getref kan word. Preekbeurt plus vervoer vanaf vakansieverblyf sal vergoed word volgens vasgestelde tariewe.

  Stuur ’n e-pos na **nhsabie@telkomsa.net** of **skakel** 013 764 1813 Maandae, Woensdae en Vrydae 08:00-13:00, of WhatsApp 071 945 0306.

Vergaderings

- Donderdag 14 November: Pensioenvergaderings
  Rata Finkom
- Woensdag 20 November: Direksie: Kinderhuise en Rata
  Direksie: Plesion
- Donderdag 21 November: Kommissie van die AKV
  Rata Bestuursvergadering
- Vrydag 22 November: Kommissie van die AKV
- Saterdag 23 November: Kommissie van die ADV

’n Gedig

Die huis waar ek woon
(Uittreksel)

ek moet onthou:
elke dag is ’n ronde blou klippie
wat ’n seuntjie soos ’n juweel in sy sak vertroetel

o, ek wens ek kon die blare se musiek volledig betas
of die donderende see met my tong besoek
of die blou lug in my handpalm hou

maar ek is ’n paradysvoël
in ’n koperkou sonder sleutel
ek speel op my silwerfluit
maar net my note sal die sagte reëndruppels sien

William Rowland
(Uit: *Die huis waar ek woon*, 1974)

Kerklike publikasies

- SENTIK stuur elke Donderdag ’n **lokflits** aan predikante, gemeentes en ander intekenaars wat voorheen die weeklikse *Blitspos* ontvang het. Die lokflits bevat **skakels** na *Blitspos* en nuwe artikels en meningstukke wat op die Kerk se webblad **www.nhka.org** geplaas is. Indien u die lokflits sporadies of glad nie ontvang nie, kan u ’n e-pos stuur na **karen@nhk.co.za**. Klik **hier** vir vorige uitgawes van *Blitspos*.

- Gemeentes word versoek om die besonderhede te verskaf van enige **emerituspredikante en/of predikanteweduwees** in hul geledere, sodat hul komplimentêre eksemplare van die *Almanak/Bybelse Dagboek* saam met die res van die gemeente se bestelling versend kan word. Stuur die besonderhede asseblief aan mev Sarie Roux by **sentik@nhk.co.za**.

- Die volgende **Bybels** is tans teen **verminderde pryse** beskikbaar by die Boekwinkel **(verminder van R130 elk na R90 elk)**. Bestel by mev Sarie Roux by **sentik@nhk.co.za.**

  Isixhosa 1975; Isindebele 2012; Xitsonga 1989; Shona 1949; Tsivenda 1998; Suid-Sotho 1909; Xhosa 1975; Swati 1996; Sesotho 1989.

Barmhartigheid

- **Beurse en lenings vir 2020.** Die **NHSV** beskik oor beurse en lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die

toekennings. Aansoekvorms kan afgelaai word van die NHSV webblad **www.nhsv.org.za**. Klik **hier** om die aansoekvorm af te laai. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2019**.

- **Diakonaat: Werkgroep Kindersorg en Rata Maatskaplike Dienste**
  Skooltassieprojek 2020
  Borg ’n tassie teen R350

  Gemeente-inbetalings by:
  Raad van Finansies
  ABSA tjekrekening
  Rekeningnommer 020 000 287
  Takkode 632005
  Verwysing: 16TAS + gemeentenaam

  Persone wat 18A-belastingbewys verlang, doen inbetaling by:
  Plesion NPC
  Nedbank
  Rekeningnommer 112 732 1897
  Takkode 160 445
  Verwysing: TAS + jou naam (of gemeentenaam)
  Stuur bewys van betaling aan **andries@plesion.org.za**


Ons Tuis-gastekamer

- **Ons Tuis (Riviera)** het enkel en dubbel **gastekamersuites** beskikbaar vir persone wat naby die hospitale moet wees of selfs waar Oupa en/of Ouma kan tuisgaan as die kinders met verlof is. Die enkelkamersuite sluit ontbyt in teen R350 per nag, en die dubbelkamersuite sluit ontbyt in teen R550 per nag.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is in ’n rustige omgewing naby busroetes en ’n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het ’n **eenslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff vir R366 160. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging
  Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
  Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
  012 329 4318 / 084 920 8723

Studentesake

- **Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp 2020**
  Dinsdag 7 – Vrydag 10 Januarie 2020
  Vertrek Dinsdag 7 Januarie om 13:00 vanaf Silwerstraat 19
  Venterskroon-kampterrein
  Koste R990
  Besoek **www.studentegemeente.com** vir inskrywingsvorm
  www.facebook.com/PotchStudente
  Navrae dr Rudy Denton 082 459 9710
  Terzie Denton 082 475 4618
  Wilbrie Hartman 072 655 4282

Konserte en feeste

- **GLOMedia TV** in samewerking met **Gemeente Pretoria-Oos** nooi almal uit na die eerste opname van ’n erediens vir die nuwe TV-kanaal. **Sondagaand 17 November om 18:30 is die Kerssangdiens** van die gemeente met die tema: *Wie is die Kind?* Die diens en die samesang sal opgeneem word vir plasing op GLOMedia. Die **prediker is ds Hannes vd Merwe** en die **orrelis is Pieter van den Berg**. Braam van Tonder is onder die begeleiers en die koor Singfonix tree ook op. Kom sing saam!

- **Gemeente Noordelike Pretoria: Verjaardagviering 85 jaar**
  Sondag 17 November om 18:00
  Klokkespel met 29 handklokke tydens Kerssangdiens
  Toegang is gratis – ’n donasie is welkom vir sendingwerk
  Navrae: Ria Smit **236mms@gmail.com**

- **Gemeente Villieria: Optrede van Jan de Wet**
  Saterdag 23 November om 18:00
  Kaartjies beloop R30 per persoon
  Kontak Jannie by 082 449 1614 of Francois by 082 334 0532

Fondsinsamelings

- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**
  Wen ’n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000
  Koop ’n pakket, samel fondse in vir jou kantoor of gemeente
  Ondersteun terselfdertyd Rata se maatskaplike werk –
  waarvan die grootste is om kinders te beskerm
  teen mishandeling en verwaarlosing!
  Opsies sodat selfs kleiner instansies dit kan bekostig

Opsie	***Koste***	***Aantal boekies***	***Wins vir kantoor/ gemeente***	***Uitstalling***	***Promosie-materiaal***	***Sleutelpas-finalis***
Pakket	R5 000	200	R15 000 (75%)	Ja	Ingesluit	1 per pakket
50 boekies	R2 500	50	R2 500 (50%)	Nee	Ekstra @ R50/ plakkaat	Gesamentlike trekking
70 boekies	R3 500	70	R3 500 (50%)	Nee		

1. Kry jou pakket voor 31 Januarie 2020. ’n Beperkte aantal is beskikbaar.
2. Betaal pakketgelde in by ABSA; RATA; rekeningnommer 000 206 00 209; verwysing GO + NAAM.
3. Kaartjies en bemarkingsmateriaal word versend.
4. Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor 30 Julie 2020.
   (1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid).

5. Stuur besonderhede deur van finaliste wat aan die finale sleutelpas sal deelneem op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag van 18 Augustus 2020 by Silver Lakes.
6. Uitstallings van voertuig kan gereël word by basaars, gholfdae en markte.

Navrae: Stephen de Beer 074 658 4630 (**gsdebeer@gmail.com**)
Andries Pretorius 081 466 8691 (**andries@rata.org.za**)
Vir uitstallings van die voertuig, kontak Andries Pretorius

Basaars en markte

- **Gemeente Rietvallei: Kuier-, Kos- en Kersmark**
  Vrydag 22 November 16:00-19:00
  Vetkoek-en-maalvleis, *prego rolls*, slaptjips...
  Wafels-en-roomys, koeldrank, koektafel
  Kersmark-uitstallings deur Ons Huis en Theodora Huis
  Witolifanttafel
  Liedjies en stories vanaf 18:00
  Chloritestraat 679, Elarduspark, Pretoria
  Voorafbestellings aanvaar
  Navrae: 012 345 3143 / **nhrietv@telkomsa.net**

- **Gemeente Drie Riviere: Kersmark**
  Saterdag 23 November 09:00-15:00
  hv Bashee- en Wilgestraat
  Geskenke, teetuin, kindervermaak en meer
  Bespreek ’n stalletjie
  Kontak ds Hennie Louw by 084 508 7849

- **Gemeente Ventersdorp: Mini-basaar**
  Saterdag 30 November
  Kom koop vir Kersfees vleis, sosaties, wors en meer
  Baie te eet en te drink
  Navrae: Ds Marius van Vuren 072 850 4960
  Vleisbestellings: Nico Kock 083 204 6715

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). **(Let asseblief op die nuwe koste.)** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Here Jesus, gebruik my!
Laat my die geur van u teenwoordigheid versprei –
oral waar ek gaan.
Oorstroom my wese met u liefdevolle gesindheid.
Neem my hele menswees so absoluut in besit
dat dit die glans van u liefde sal uitstraal.
Skyn deur my!
Wees só deel van my
dat elke mens met wie ek vandag te doen kry,
iets van u teenwoordigheid sal aanvoel.
Laat hulle, wanneer hulle in my oë kyk,
van my vergeet, en U raaksien.
Here, hoe kan ek so iets vra
as U my nie elke oomblik van U afhanklik maak nie?
Hoe kan ek U weerkaats
as my gesig nie altyd in u rigting gedraai is nie?
Help my, Here, sodat U my kan gebruik.
Laat my 'n lig wees vir ander,
sonder dat ek self in die lig sal wil staan.
U is die Lig, ek is die glas waardeur U skyn.

John Henry Newman
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk